Die uitnodiging na die nagmaal

DJ Booysen
Hervormde Teologiese Opleiding, Klipdrif

ABSTRACT
Invitation to Holy Communion

Participation in Holy Communion raises a number of questions. The Church is compelled to see to it that the Sacrament is not desecrated and on the other hand, the Church is obliged to encourage participation. The problem arises when visitors of the same confession turn up at the celebration. Can they be allowed to participate? In some churches the answer is an undoubted: No. For other churches it is self-evident - there are not obstacles. In between are a number of churches who are more hesitant and a number of safeguards are adopted. In this case - as is the case in the Nederduitsch Hervormde Kerk - the responsibility rests mainly with the participant, as he must be aware of the preconditions set by the church and whether he can honestly declare that as far as he is concerned he is unaware of anything prohibiting him from participation. Thus no changes in the church statute are required.

INLEIDENDE OPMERKINGS

Die sakrament van die nagmaal het in die Nederduitsch Hervormde Kerk nie eintlik in die gedrang gekom nie. Hierteenoor is die sakrament van die doop telkens in gedrang, want betreklik onlangs nog het 'n predikant van dié Kerk dit goed gevind om die Kerk te verlaat, onder andere oor sy opvattings oor die doop. Dieselfde kan ook van lidmate van die Kerk gesê word. Wat die nagmaal betref, was daar besprekings rondom die viering van die nagmaal, maar nie oor die wese van die nagmaal nie. Kwelvrae in die buiteland, soos die deelname van kinders aan die nagmaal, het ook nie eintlik in die Nederduitsch Hervormde Kerk na vore gekom

nie. Die laaste gesprek in dié Kerk waaroor daar nogal verskil van mening was, is die vraag of mans en vrouens saam aan die nagmaaltafel moet plaasneem of nie. Ook dié vraag is nie meer aktueel nie. Nou het daar weer 'n vraag na vore gekom oor die uitnodiging na die nagmaal, en daarmee is die uitnodiging ook gekwalifiseer as 'n 'oop' uitnodiging.

Die uitnodiging na die nagmaal word as 'oop' getipeer in teenstelling met die uitnodiging deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke. Hierteenoor kry ons veral tydens interkerklike konferensies die verskynsel dat daar 'n ekumeniese viering van die nagmaal plaasvind. Na die beste van my wete het die Nederduitsch Hervormde Kerk nie dergelike geleenthede geskep nie. Op die oog af wil dit voorkom asof dié Kerk posisie tussen die verskillende groepe ingeneem het: Die uitnodiging is 'oop' en tog ook nie so 'oop' nie!

DIE KERKWET EN BEPALINGS

Wat is die feitelike situasie? Die kerklike praktyk word deur die Kerkwet en Bepalings voorgeskryf. Ten einde die onderhawige vraag nou beter te begryp, sal ons dus aan die betrokke Artikels en Bepalings aandag moet gee.

Artikel IV verstaan onder die roeping van die Kerk dat, onder andere, die sakra-mente bedien moet word. Artikel XI(b) stel dit dat die Kerk, in sy bediening van die sakramente, telkens opnuut Christus as die Hoof van die Kerk en as Heer van die Wêreld bely. Artikel XII.3 reël dat vóór nagmaal voorbereidingsdienste en ná nagmaal dankdienste gehou word.

Hierdie artikels toon duidelik aan dat die viering van die nagmaal vir die Kerk 'n saak van erns is - dit is deel van die roeping van die Kerk. In die bediening van die nagmaal lê ook 'n stuk belydenis opgesluit, soos ook blyk uit 1 Korintiërs 11: 26. Anders gesê, dit gaan om die wese van die Kerk. Nou spreek dit vanself dat dit vir die Kerk van die grootste belang is wie na die nagmaal uitgenooi word, en wie daaraan deelneem.

Van besondere belang is Artikel XIX wat ook oor die nagmaal handel. Hier word die aandag pertinent op 'n paar aangeleenthede gevestig. 'Die nagmaal word op vasgestelde tye in die gemeente bedien.' Die plek van die viering van die nagmaal is in die gemeente, dit is 'n gemeentelike saak. Die aspek van die viering is vir die Kerk van besondere belang. Dit kan as rede gesien word vir die gebruik in die Kerk dat daar nie nagmaal aan individue bedien word by hulle huise of waar ookal nie. Verskillende redes kan as motivering vir die besluit van die Kerk aangevoer word, die belangrikste miskien die verhouding tussen Woord en Sakrament. Die feit is egter dat die plek van die viering in die gemeente is, want dit is 'n gemeentelike saak. Dit is seker onnodig om hier uit te brei oor die aspekte wat

meebring dat mense kerk of gemeente is. Ons kan volstaan met die opmerking dat dit uiteindelik die werk van die Gees van God is.

Dieselfde artikel reël ook dat die nagmaal bedien word aan die belydende lidmate van die Kerk. Dit onderstreep dus dat dit hier gaan om daardie mense wat hulle belydenis van geloof afgelê het en dus glo soos die Kerk glo en hulle gevoeg het by die gemeente. Dieselfde artikel maak dit ook duidelik dat die bediening van die nagmaal onder die opsig van die ouderlinge plaasvind, en die bedoeling kan slegs wees dat dit hier gaan om die lidmate oor wie die ouderlinge opsig kan uitoefen, dus die lidmate van die plaaslike gemeente (Bepaling 100.1; vgl ook 101.2(c)).

Bepaling 96 handel oor die uitnodiging na die nagmaal. Die bewoording van die bepaling laat myns insiens ietwat te wense oor: 'Lidmate van die gemeente word met huisbesoek gemaan om nagmaal te gebruik'. Dit is dan nie meer 'n uitnodiging nie, veeleer is dit 'n vermaning! Dit is seker 'n ope vraag of alle lidmate telkens aangespreek moet word oor die viering van die nagmaal. Die volgende sin is meer positief: 'Die predikant en ouderling moedig lidmate ook met huisbesoek aan om gereeld nagmaal te gebruik....' Ook hier kan die aandag daarop gevestig word dat die gemeentelike gebondenheid en betrokkenheid sterk op die voorgrond tree. Dit gaan in die bepaling ook daarom dat die lidmate gewaarsku word teen die volharding met sondes omdat dit die regte gebruik van die nagmaal verhinder.

Bepaling 97 is van deurslaggewende betekenis in hierdie gesprek. 97.1 stel dit dat belydende lidmate van die gemeente wat suiwer in leer en opreg in lewenswandel is, tot die nagmaal toegelaat word. Hier skemer iets deur van die eksklusiewe aard van die nagmaal. Leer en lewe tree op die voorgrond as bepalende faktore of iemand na die nagmaal mag kom, al dan nie.

97.2 gaan verder as Artikel XIX. Hier word voorsiening daarvoor gemaak dat die uitnodiging wyer gerig kan word as net aan die lidmate van die betrokke gemeente. Belydende lidmate van ander gemeentes van die Kerk word uitgenooi om saam nagmaal te vier, met die volgende voorbehoude:

- Hulle mag nie onder sensuur wees nie
- Hulle moet vrymoedigheid hê om in hulle tuisgemeentes nagmaal te gebruik.

Die moontlikheid om die lidmate uit te nooi, spruit voort uit die kerkbegrip wat heers in die Kerk, in teenstelling met byvoorbeeld die kerkbegrip van die Gereformeerde Kerk. Die aangeleentheid word alreeds in Artikel II uiteengesit:

> Ter wille van die goeie orde word almal wat deur die genadeverbond tot die Kerk behoort in gemeentes byeengebring. 'n Gemeente is die verskyningsvorm van die Kerk op elke aangewese plek. Die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaan uit al die gemeentes.

Dit beteken dat 'n lidmaat tot die Kerk behoort en die gemeente se posisie is ook deur die artikel bepaal. As lidmaat van die Kerk deel 'n persoon dus in die voorregte van kerklidmaatskap, al is dit nie in die tuisgemeente nie. Dit beteken nie dat daar nie voorbehoude gestel kan word nie, trouens, daar is bepaalde voorbehoude wat in die verband van krag is, soos ook in die bepaling onder bespreking gestel word.

Dit moet klaarblyklik ook die rede wees vir die positiewe formulering van die bepaling dat lidmate van ander gemeentes van die Kerk genooi word. Klaarblyklik het die kerkraad nie 'n keuse of besoekende lidmate uit ander gemeentes genooi moet word of nie. Die verantwoordelikheid berus by die besoekende lidmaat, hy moet weet en beslis of hy kan deelneem aan die nagmaal, 'n aangeleentheid wat ook later weer onder bespreking sal kom.

97.3 maak dit moontlik vir lidmate uit ander kerke om saam nagmaal te kan vier en hier geld die volgende voorwaardes:

> Die kerk waartoe hulle behoort moet van dieselfde belydenis wees as die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hulle moet nie onder sensuur wees nie. Hulle moet vrymoedigheid hê om in hulle eie gemeentes aan die tafel van die Here te sit.

Die belangrikste saak is egter dat die kerkraad sulke lidmate mag uitnooi. Hierdie besoekers kan ook slegs op uitnodiging na die tafel toe kom. Die beslissing berus in die geval by die kerkraad wat moet besluit of die besoekers uitgenooi sal word en dan moet die besoekers self ook besluit of hulle mag aansit of nie. In die praktyk kom dit daarop neer dat die predikant in die gemeente die uitnodiging rig. Hier is dus nie noodwendig sprake van 'n uitnodiging na 'n gesprek met die betrokkenes nie. Die uitnodiging word gerig terwyl die predikant reeds by die tafel staan en dit kan dus beskou word as 'n ope uitnodiging, natuurlik met die daarmee gepaardgaande voorbehoude.

Die Kerkwet en Bepalings toon duidelik aan dat die probleem met die 'oop' uitnodiging nie by die eie gemeente lê nie, maar dat dit eintlik gaan om die besoekers uit ander gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk en ander kerke.

Die Kerkwet en Bepalings maak hier voorsiening vir 'n geleentheid om nagmaal te vier, terwyl die volle verantwoordelikheid op die besoeker rus. Hy moet weet of hy in sy eie gemeente of kerk onder sensuur is, of hy die vrymoedigheid het om in sy eie gemeente nagmaal te vier en of die belydenis van sy kerk ooreenstem met die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die uitnodiging is dus oop in dié sin dat die plaaslike kerkraad of ouderlinge moeilik uitspraak sal kan lewer oor 'n persoon wat vir hulle vreemd is. Hier kan moeilik sprake wees van toesig deur die ouderlinge. Die Kerkwet en Bepalings plaas derhalwe die verantwoordelikheid op die besoeker.

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Daar kan aanvaar word dat die 'Kerkorde en Aanvullende Bepalings van die Sinodes van die Noord-Transvaal en Oos-Transvaal' die algemene situasie weergee soos dit in al die Nederduitse Gereformeerde Sinodes die geval is.

In verband met die nagmaal kan ons let op die volgende:

> Die bediening van die Sakramente Kerkorde Artikel 49 lui:
>
> 49.2 Die heilige Nagmaal word minstens vier maal in die jaar in elke gemeente gevier.
>
> Hierby word aanvullend bepaal:
>
> Die Heilige Nagmaal
>
> 70.1 Tot die nagmaal word alleen belydende lidmate van die gemeente toegelaat. Van besoekers uit ander gemeentes en lidmate van ander erkende protestantse kerke (vgl Algemene Sinodebesluit 8.1) word verwag om hulle vooraf aan te meld by die kerkraad van die gemeente waarin hulle die sakrament wil gebruik om verlof daartoe te ontvang.
>
> 70.2 Tot die wese van die sakrament van die nagmaal behoort dat dit in die midde van die gemeente by die erediens, bedien word.

Die ter sake gedeelte van die Algemene Sinode besluit 8.1 lui as volg:

1. Erkende kerke word in drie groepe verdeel.

1.1 Kerke wat dieselfde Belydenisskrifte as die Nederduitse Gereformeerde Kerk het... Aan hulle word volle erkenning verleen en dit sluit in:

1.1.3 Verlening van kerklike voorregte sonder lidmaatskap, insluitende:

1.1.3.2 Die gebruik van die nagmaal indien die kommunikant die reg en vrymoedigheid daartoe in eie gemeente of Kerk sou gehad het. Dit word verwag dat lidmate van hierdie kerke wat wens om van hierdie voorreg gebruik te maak hulle vooraf sal aanmeld by die leraar of ouderling....

Daar is nie werklik verskil tussen die standpunte van die twee kerke nie. Wat hier bykomend is by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is die feit dat dit van die lidmate van ander kerke verwag word om hulle aan te meld by die kerkraad sodat hulle die nodige vergunning kan verkry. Die verantwoordelikheid berus hier ook by die persoon wat wil deelneem aan die nagmaalsviering. Hy ken sy eie situasie en weet of hy die vrymoedigheid het om in sy eie gemeente of kerk nagmaal te gebruik al dan nie. Dieselfde geld ook die sensuur. Dit is dus duidelik dat die uitnodiging in ons Kerk nie werklik meer 'oop' is as die gebruik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie. Hierdie gevolgtrekking word gemaak omdat, in albei die Kerke, dit die verantwoordelikheid is van die lidmaat om die werklike beslissing te neem. In die een geval meld hy hom wel vooraf aan, dog dit verander nie die saak nie. Hy neem die beslissing om wel deel te neem, die res is formaliteit.

DIE GEREFORMEERDE KERKE

Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke, Artikel 61 lui soos volg:

> Tot die Heilige Nagmaal word alleen diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke (van dieselfde kerkverband) kom, nie toegelaat word nie (Van der Linde 1983: 203).

In die bespreking van die artikel wys Van der Linde daarop dat die artikel wel voorsiening maak vir diegene wat van dieselfde kerkverband is om toegang tot die nagmaal te verkry. Dit geld vir mense wat verhuis het of besoekers wat vir 'n tyd in die gemeente vertoef. Die eis wat gestel word, is dat getuienis aangaande hulle belydenis en wandel voor die kerkraad gelewer moet word voordat hulle toegelaat kan word om deel te hê aan die viering van die nagmaal. Hy kom dan tot die gevolgtrekking: 'Die artikel maak geen voorsiening vir die toelating van persone wat aan kerke behoort met wie *nie* in kerkverband geleef word nie' (Van der Linde 1983: 207).

Kruger et al toon duidelik aan dat ons hier met hulle bepaalde kerkbegrip te make het.

> Die Gereformeerd-kerkregtelike beginsel wat in hierdie artikel gestel word, is dat die kerkraad, as toesighouers by die nagmaal (vgl art 64 K O) net *belydende lidmate wat aan die plaaslike kerk behoort, tot die viering van die Nagmaal mag toelaat.*
>
> Die Gereformeerde kerkbegrip ken geen 'oop' Nagmaalsviering nie, soos in die geval van die Kollegialistiese kerkbegrip nie.
>
> Volgens die Kollegialistiese kerkbegrip omspan die kerk die hele land en dit bestaan uit die verskillende gemeentes. Iemand is lid van die groot geheel. Dienooreenkomstig word elkeen wat belydenis van geloof afgelê het, nie slegs volwasse lidmaat van die plaaslike kerk nie, maar van die kerk in die algemeen. Die gevolg van hierdie stelsel is dat in al die gemeentes *oop Nagmaalsvierings* gehou word. Indien iemand lidmaat is van die 'kerk' mag hy in enige gemeente die Nagmaal gebruik.
>
> Daarteenoor beklemtoon die Gereformeerde kerkreg die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die Nagmaal staan nie oop vir enige lidmaat van 'n ander plaaslike Gereformeerde Kerk nie, want die Nagmaalsganger moet onderworpe wees aan die tugreg van die kerkraad onder wie se toesig die Nagmaal gevier word... (Kruger et al 1966: 366).

Dit is ooglopend dat daar 'n wesenlike verskil tussen ons en die Gereformeerdes oor die hele aangeleentheid bestaan.

DIE FORMULIER OM DIE NAGMAAL TE HOU

By die lees van die formulier is dit duidelik dat die aksent hier heeltemal verskuif het. Die formulier lê al die nadruk op die selfondersoek. Dit is alreeds duidelik uit die bekende instellingswoorde van 1 Korintiërs 11. Verse 27 en 28 vermaan duidelik: 'Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink...' Die deelnemer aan die viering van die nagmaal moet hom doelbewus ondersoek. Die verantwoordelikheid tot die regte deelname berus by die deelnemer. Die formulier beklemtoon dit deur die aandag te vestig op drie hoofpunte:

* Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking
* Elkeen moet sy hart ondersoek
* Elkeen moet sy gewete ondersoek.

Die formulier spel sekere sondes uit deur daarop te wys dat diegene wat met bepaalde aanstootlike sondes besmet is, nie nagmaal moet gebruik nie, hulle het geen deel aan die ryk van Christus nie.

Die wisselformulier om die nagmaal te hou, verklaar dat die goddelose en die ongelowige die uiterlike tekens van die sakrament ontvang, maar nie die waarheid van die sakrament nie. Hier word dus ruimte gelaat vir die feit dat dit tog moontlik is dat goddeloses en ongelowiges aan die nagmaalstafel plek sal inneem. Dit is egter 'n verantwoordelikheid wat hulle op hulleself geneem het. Daaroor word beslis: 'Terwyl dit so is, behoort elkeen wat na die heilige nagmaal gaan, homself eers voor te berei en goed te beproef of hy nie miskien, deur van hierdie brood te eet en van hierdie beker te drink, 'n oordeel oor homself eet en drink nie'.

Hierdie oproep geld vir alle nagmaalgangers uit die gemeente sowel as die besoekers. Die verantwoordelikheid om sinvol en verantwoordelik aan die nagmaal deel te neem of om daarvan weg te bly, is die verantwoordelikheid van die individu. Die verskil is egter dit: Daar kan aanvaar word dat die kerkraad sy plig nagekom het, en reeds vooraf aan diegene wat nie behoort deel te neem nie, so kennis gegee het. Albei die formuliere swyg oor 'n spesifieke uitnodiging soos dit in die Kerkwet en Bepalings voorkom.

Ons moet egter onthou dat die formuliere liturgiese dokumente is. Hulle word dus binne die erediens gebruik. Die veronderstelling is, soos reeds gesê, dat die opsigtaak alreeds in die kerkraadsvergadering en in die pastorale gesprek afgehandel is.

ANDER PERSPEKTIEWE

Binne die raamwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk het die klem bykans uitsluitlik geval op die noodsaaklikheid om deel te neem aan die nagmaal. Dit is te verstane. In 'n sekere mate is dit tog 'n aanduiding van die geloofslewe, en spreek dit vanself dat daaraan aandag gegee sal word. Ds AJ van Staden lê veral klem op die noodsaaklikheid van die gereelde bywoning van eredienste en gevolglik nagmaal sodat die vraag vraag wie nie mag deelneem nie, of oor hoe oop die uitnodiging nou werklik is, nie sterk gefigureer het nie. Die veronderstelling is dat die kerkraad daaroor handel onder die opsig en die tug, wat ook korrek is. Daar kan aanvaar word dat die lidmate wel bewus is van die vereistes wat deur die Kerk gestel word. Persoonlike ervaring het ook geleer dat daar eerder sprake kan wees van huiwering by lidmate om aan die nagmaal deel te neem, telkens met die opmerking dat hulle onwaardig is. Verantwoordelike pastorale versorging is seker die enigste sinvolle antwoord op die siening.

BJ Engelbrecht (1979: 119) is een van die min skrywers wat aan die vraag rondom die 'oop' nagmaal aandag gegee het. Hy skryf:

> Vanuit die perspektief van die opsig en die gevolglike oop-wees van die avondmaal net vir die eie gemeente, het gemeentes en -kerke alreeds na vore getree. Tog is daar kerke en teoloë wat meen dat dit reg is om 'n oop uitnodiging te rig aan lidmate van sustergemeentes (en dikwels ook susterkerke met dieselfde belydenisgrondslag) en die vrymoedigheid het om ook by hulle eie gemeentes avondmaal te vier. Die gedagte in hierdie verband is dan: Die opsigtaak word nie verswak nie, want dit word wel, sover menslik moontlik, in eie gemeente uitgevoer. Omdat die kerkraad nie weet van enige verkeerdheid by sodanige 'besoekende lidmate' nie, word slegs aan hulle (soos in die geval van die hipokriete) verkondig dat as daar enige verkeerdheid (openbaar of heimlik) is, hulle hulle van die tafel van die Here moet onthou wat Hy alleen vir die gelowiges verorden en ingestel het. Die motief agter so 'n uitnodiging is dat die kerkraad nie besoekende gelowiges wil weerhou van die geleentheid van gemeenskap met hulle Heer en van die versterking van hulle geloof deur die sakrament nie. Ook, so word gestel, word hierdeur nie die deur vir lidmate van die Bantoekerk(e) sonder meer oopgemaak nie, want met hierdie kerk(e) en lidmate bestaan daar 'n afsonderlike reëling deur onderlinge afspraak. In elk geval is dit duidelik dat hierdie 'oop uitnodiging' altyd gesien sal moet word (beide wat die

> motiewe en praktyk daarvan betref), vanuit die perspektief van die opsig wat van elke avondmaalsviering in 'n sekere sin 'n geslote geleentheid maak.

Volgens Engelbrecht staan hier dus twee sake teenoor mekaar: Aan die een kant wil die Kerk, deur 'n oop uitnodiging te rig, graag geleentheid bied aan gelowiges om op die besondere wyse met hulle Heer te verkeer en in hul geloof versterk te word. Hierteenoor staan die probleem van die kerklike opsig. Uit die bespreking tot dusver het dit telkens na vore gekom as een van die belangrikste vrae wat beantwoord moet word in die bespreking. Ons het 'n probleem met die stellings van Engelbrecht ten opsigte van die lidmate van die swart kerke. Hy verwys na 'n bepaalde ooreenkoms of afspraak in die verband. Hieroor moet ek onkunde bely! Van so 'n onderlinge reëling dra ek nie kennis nie en, indien dit wel bestaan, is dit beslis nie algemene kennis in die Kerk nie. Indien hy korrek is, moet dit bekend gestel word in die Kerk.

AD Pont (1981: 245) het aangetoon dat die twee aspekte ook in die vorige eeue ter sprake gekom het, en dat bepaalde besluite hieroor geneem is. Hy skryf dat daar in die presbiteraal-sinodale sisteem drie beginsels is wat ten opsigte van die nagmaal na vore kom. Aandag is veral gegee aan die toelating tot die nagmaal, waar dit dan ook gegaan het om die aflegging van die geloofsbelydenis. Voorts is ter sprake gebring die viering van die nagmaal self en in die derde plek het hulle gehandel oor die reëlmaat van die nagmaal. Hier word die aandag net gevestig op die lidmate wat reeds belydende lidmate is. Pont skryf:

> Wat die ander lidmate betref, is alleen diegene met 'n vrome lewenswandel toegelaat. Nuwe lidmate wat van elders kom, moes eers 'n attestasie of getuigskrif dat hulle waardige gelowiges is, aan die kerkraad afgee. Sodra die kerkraad die getuigskrif aanvaar het, kon hulle ook nagmaal gebruik. Hier het die gedagte gegeld dat die kerkraad en veral die ouderlinge moet toesien dat die nagmaal nie ontheilig word, deurdat 'onwaardige lidmate' daaraan deelneem nie.
>
> Normaalweg was die gebruik dat almal wat nagmaal wil gebruik, agt dae voor die nagmaal hulle name aan die kerkraad gegee het. Alleen diegene wat dan deur die kerkraad toegelaat is, kon nagmaal gebruik. Die voorbereidig vir die nagmaal het twee, soms drie weke voor die viering 'n aanvang geneem....

Hieruit is dit baie duidelik dat daar geen sprake was van 'n sogenaamde 'oop' uitnodiging nie. Dit is ook ewe duidelik dat die Kerk reeds afgewyk het van die voorskrifte ten opsigte van die voorbereidingsdienste en die aansoeke van die lidmate.

In die werk waarna hierbo verwys is, word besondere klem op die geloof geplaas. Dit is te begrype en daaroor kan daar nie verskil van mening wees nie. Die leer van die Kerk is hiermee volkome eens, soos dit duidelik is uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 35 (waarop die Wisselformulier vir die nagmaal geskoei is), en ook die Heidelbergse Kategismus, Sondae 28 en 30.

Die tweede aspek wat in die Kategismus ter sprake kom, is die suiwerheid van lewenswandel. Sondag 30, vraag en antwoord 82 is hier van besondere belang. Die antwoord maak duidelik dat as die kerk ongelowiges en goddeloses toelaat om saam nagmaal te vier, word die Verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente verwek. Die vraag waaroor dit dus hier gaan, is of die kerk sulke mense toelaat. Dit beteken dat die kerk bewustelik vergunning verleen aan ongelowiges en goddeloses. Hieroor kan daar ook eenstemmigheid wees, ons Kerk doen dit nie. Die verskillende voorbehoude word van nagmaal tot nagmaal herhaal, so wil die Kerk juis ook dat die goddeloses en ongelowiges nie sal deelneem aan die nagmaal nie. In dié verband sal daar seker gevra kan word of die Kerk daarmee kan volstaan en of so 'n opvatting genoegsame voorsorg is teen die ontheiliging van die nagmaal. Hierop sal daar antwoorde gevind moet word.

Om alles nog verder te kompliseer, is daar ook nie eenvormigheid in die hantering van die twee sakramente nie. Die doop word elders as in die tuisgemeente slegs by wyse van uitsondering bedien. Bepaling 87 van die Kerkwet en Bepalings gee die voorskrifte in die verband. Die kerkraad van die tuisgemeente moet eers hulle skriftelike toestemming verleen, ouers moet doopkategese bywoon, en die kerkraad van die gemeente waar die doop bedien sal word, moet die toestemming aanvaar, voordat die doop bedien kan word.

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die vraag waarom alles gaan die vraag is of die uitnodiging na die nagmaal as 'n 'oop' uitnodiging beskou moet word al dan nie. Hierop kan duidelik nie 'n ongekwalifiseerde antwoord gegee word nie. Die uitnodiging is 'oop' as daar sprake is van lidmate van ons Kerk. Selfs in die geval is dit ook waar dat die lidmate aan die voorbehoude wat gestel word, moet voldoen. Die probleem wat ons hier het, is die feit dat die kerkraad nooit onomwonde kan verklaar dat die besoekende deelnemers waardige deelgenote aan die dis is nie. Die vraag is egter of die kerkraad ooit ten opsigte van enige deelnemer so 'n verklaring

kan uitreik? Is dit nie ook waar nie dat ons tog nie na die nagmaal kom omdat ons sonder sonde is nie? Die nagmaal hou juis rekening met die gebrokenheid van die wêreld waarin ons lewe en verklaar ook dat dit nie die bedoeling is 'om die verslae harte van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, asof slegs dié wat sonder enige sonde is na die nagmaal van die Here mag kom. Ons kom tog nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onsself volmaak en regverdig is nie. Inteendeel, ons kom juis omdat ons ons lewe buite onsself in Christus soek, en daarmee bely ons dat ons nie 'n volmaakte geloof het nie....' Haitjema (1948: 315) wys daarop dat die nagmaalganger moet weet wat hy doen. Geloof word by hom persoonlik veronderstel. Geloof kan heel swak wees, tog is dit geloof *in actu*.

As dit nou gaan oor lidmate van ander kerke, hoef die saak ook nie probleme op te lewer nie. Die saak is nie problematies nie. Miskien het die algemene gebruik sommiges mislei. Sommige predikante nooi bloot uit gewoonte die besoekers om saam deel te neem aan die nagmaal. Die feit dat die kerkraad daaroor 'n bepaalde besluit kan neem, word nie in ag geneem nie. Anders gesê: Kerkrade behoort hul opsigtaak veel ernstiger op te neem deur hulle telkens daarvan te vergewis of hulle alle besoekers wil uitnooi of nie.

Die huidige formulering van die Bepalings van die Kerkwet ten opsigte van die uitnodiging kan dus net so gelaat word.

Literatuurverwysings

ENGELBRECHT, BJ 1979. *Temas rondom die Reformasie*. Pretoria: HAUM.

HAITJEMA, Th L 1948. *Dogmatiek als apologie*. Haarlem: De Erven Bohm NV.

KRUGER, LS, DU PLESSIS, HLM, SPOELSTRA, B & SPOELSTRA TT 1966. *Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Potchefstroom: Pro Rege.

PONT, AD 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*. Pretoria: HAUM.

VAN DER LINDE, GP 1983. *Die Kerkbode*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.